

# "WAT"

## MAAK JY DAAR?

*Wat het hier oopgemaak?*
[Dit is 'n vraende voornaamwoord wat aan die begin van 'n spesifieke vraagsin in die plek van inligting wat versoek word, staan. Die inligting handel waarskynlik oor 'n niemenslike entiteit of iets heel onbekends.]

*Sy doen wat?*
[Dit is 'n vraende voornaamwoord wat steeds in die plek van inligting wat vanaf die aangesprokene versoek word, staan. Vraende voornaamwoorde wat so in die sin gebruik word, word "onverskuifde vraagwoorde" genoem. Dit druk 'n spesifieke betekenis (soos 'ongeloof') uit.]

*Sy het gevra **wat** sy naam is.*
[Dit is 'n vraende voornaamwoord, maar hierdie vraende voornaamwoord staan aan die begin van 'n bysin wat die betekenis 'indirekte vraag' kommunikeer. Die hele bysin word as die voorwerp/objek van die hoofsin *Sy het gevra* gebruik, daarom sal dit op skoolvlak as 'n voorwerpsin geklassifiseer word.]

***Wat** 'n gemors!*
[Dit is 'n partikel, 'n woordsoort, wat altyd saam met ander 'n woord of woorde gebruik word om 'n sekere betekenis uit te druk. Dink maar aan ander voorbeelde, soos *Wat 'n geluk was dit nie!*, *Wat 'n ramp!* en *Wat 'n mooie man*. Die betekenis wat uitgedruk word wanneer wat in sulke sinne gebruik word, is 'verbasing', 'ingenomenheid', 'afkeuring' of 'blydskap'.]

*Dis omtrent al die resepte **wat** 'n mens ooit sal nodig hê.*
[Dit is 'n betreklike voornaamwoord, want dit dui 'n betrekking of verband met die sinsdeel *al die resepte* aan. Hoekom vorm dit 'n verband met *al die resepte*? Dit staan in die bysin (naamlik *wat 'n mens ooit sal nodig hê*) in die plek van *al die resepte* om onnodige herhaling uit te skakel. Dit is hoe die sinne sou lyk, as *wat* nie gebruik sou word nie, maar *al die resepte* herhaal sou word: *Dis omtrent al die resepte. Al die resepte sal 'n mens ooit nodig hê*.]

*Ek sou **wat** wou gee om te weet.*
[Dit is 'n onbepaalde voornaamwoord, want dit word gebruik, omdat 'n mens nie die ding wat 'n mens sal gee om te weet, spesifiseer nie.]

